View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by AJOL - African Journals Online

# FEITELIKE TOESTANDE EN PRINSIPIËLE SIENING VAN DIE RASSEVERHOUDINGSPATROON IN SUID-AFRIKA

## I

Die vorige spreker het in sy voordrag aanduiding gegee van die prosesse van kultuurverandering wat plaasvind wanneer verskillende volke en/of bevolkingsgroepe met mekaar in aanraking kom. Hy het ook 'n aanduiding gegee van die faktore wat die hele proses van omskakeling en verandering van een soort lewenswyse na 'n ander beïnvloed. Ek wil nie weer daarop ingaan nie maar wil net aanvanklik ten opsigte van ons Suid-Afrikaanse omstandighede herhaal dat die situasie soos ons dit hier aantref 'n akkulturatiewe situasie is, soos dit in die Volkekunde bekend staan. Bepaalde prosesse tree by 'n akkulturatiewe situasie in werking. Dit is vir ons nodig om ook hieraan kortliks aandag te gee. Dit is ook vir ons nodig om die begrip volk nader te betrag.

'n Volk is nie maar net 'n konglomeraat van individue nie. Dit bestaan uit mense tussen wie daar 'n besondere organiese verband bestaan. Dit bestaan uit mense wat aan mekaar geskakel is, nie alleen vanweë die feit dat hulle in die volksverband deur 'n proses van ondertrouing biologies aan mekaar geskakel is en so deur 'n netwerk van aaneenskakelende gesinne tot 'n eenheid verbind is nie, maar ook vanweë geestelike bande wat hulle met mekaar verbind en daarom 'n geestelike eenheid tot stand bring. 'n Volk is 'n geestelike eenheid in dié sin dat die lewenspatroon van die lede daarvan 'n eenheidskarakter dra. Hulle gedrag, soos dit kultureel bepaal is, hulle denkprosesse, hulle strewes en ideale toon in 'n hoë mate 'n eenvormigheid. Vanweë die biologiese en geestelike bande wat hulle so op die wyse tot 'n eenheid saambind, vorm die lede van 'n volk eintlik selle in 'n groter organiese geheel. Dit is nog te meer waar as mens in aanmerking neem dat 'n volk deur 'n groeiproses tot stand kom. 'n Volk word nie gevorm deur die samevoeging van 'n aantal individue nie. Tussen lede van een volk bestaan daar bande wat afwesig is tussen 'n lid van een volk en 'n lid van 'n ander volk. 'n Volk kom alleen tot stand deur die samegroeiing van mense deur langdurige samewoning en die ontwikkeling van 'n eenheidslewenspatroon teen die agtergrond van sy eie omgewing. Hy groei in sy eie omgewing en kry so 'n eie karakter wat hom van ander volke onderskei. 'n Volk is dus 'n geestelikgelade eenheid wat deur 'n groeiproses tot stand kom en die karakter waarvan weerspieël word in die lewenswyse en gedrag van die lede daarvan.

So 'n volk staan gewoonlik onder sy eie gesag. Hy stoot 'n gesagseenheid, 'n eie regering bokant hom uit aan wie hy die gesag verleen om oor hom en sy lotgevalle te beslis, aan wie hy onderdanigheid beloof en verskuldig is. Langs hierdie weg word 'n volk ook 'n kragentiteit. Onder die beslissinge van die gesag, in die behartiging van sy bestaansbelange kan 'n volk 'n bepaalde koers inslaan en tot die daad oorgaan. Hierdeur word dit 'n krag in aksie. So 'n volk leef verder gewoonlik in sy eie

vaderland; hieraan is hy deur bande van sentiment gebind : hieruit kry hy sy lewenstog, die sal hy te alle tye en teen alle koste beskerm teen aanvalle van buite indien hy reken dat die basis van sy lewensbestaan bedreig word, net so wel as wat hy sy geesteserfenisse sal probeer beskerm as hy reken dat die voortbestaan daarvan bedreig word. Twee volke wat met mekaar in aanraking kom, kan dus as twee kragentiteite teenoor mekaar te staan kom en hulle kragte deur militêre botsing teen mekaar uitspeel. Dit is gewoonlik wat gebeur as die een voel dat sy bestaan deur die ander bedreig word. Dit is 'n feit wat dwarsdeur die geskiedenis van die wêreld 'n rol gespeel het.

Bo het ons reeds aangedui dat elke volk 'n bepaalde lewenspatroon het. So 'n lewenspatroon met alles wat daarmee saamhang, vorm in sy geheel die kultuur van so 'n volk. Kultuurpatrone van verskillende volke kan radikaal van mekaar verskil. Gewoonlik verskil die kultuurpatroon van een volk met dié van 'n ander, maar hulle kan ook so radikaal van mekaar verskil dat daar eintlik 'n innerlike onversoenbaarheid tussen sulke kulture bestaan. Wanneer twee volke of bevolkingsgroepe hulle kragte op militêre vlak uitgespeel het, kan die individuele lede van die twee komponente deurmekaar begin woon en leef. In so 'n geval kom twee kultuurpatrone teenoor mekaar te staan. Dit kan aanleiding gee tot die vermenging van kulture waartussen daar eintlik 'n innerlike onversoenbaarheid bestaan. In so 'n geval moet daar 'n proses van uitskakeling en inskakeling plaasvind: uitskakeling van een kultuurelement of -aspek en die invoeging van 'n ander, ten einde weer 'n eenheidspatroon te bewerkstellig. Op een of ander wyse moet daar 'n versoening tussen onversoenbare lewenswyses bewerkstellig word en moet dit in die lewens van die betrokke mense uitdrukking vind.

Botsinge op die kultuurvlak kan ernstige implikasies hê, veral as mens in aanmerking neem wat die betekenis van kultuur vir die individuele draers daarvan is. Deur 'n proses van enkulturasie vind die kultuur neerslag in die persoonlikheid van elke individuele lid van die volk wat die draers van die kultuur is. Die psige van elke individu is in 'n hoë mate bepaal deur die kultuurpatroon wat eie is aan sy volk. 'n Kultuurpatroon dra 'n sisteem van norme en waardes wat die gedrag en oordeel van die draers daarvan bepaal. Hierdie sisteem van waardes word by die opgroeiende individu ingeskerp en uiteindelik vorm dit deel van sy persoonlikheid en vorm deel van sy karakter. Wanneer persone wat die draers is van verskillende kultuurpatrone teenoor mekaar te staan kom, kan dit persone wees wat in hulle karakters, in hulle wyses van oordeel oor sake, in hulle beskouinge oor wat goed en sleg is, wat mooi en wat lelik is, wat nastrewenswaardig en wat verfoeilik is, radikaal van mekaar verskil: wat die een hoog ag kan vir die ander aanstootlik wees. Op hierdie wyse kan daar ernstige wrywing tussen individue ontstaan, bloot net omdat hulle draers van verskillende en innerlik-botsende kultuurpatrone is. Sulke verskille bly egter nie vir altyd staan nie omdat 'n persoon se lewe aan verandering onderhewig is. Dit is 'n tipiese kenmerk van die

mens. So 'n verandering vind dan ook plaas wanneer daar kultuuroordrag en -oorname plaasvind. So 'n proses is egter uiters langsaam omdat die gees van die mens nie soos 'n lei is wat jy kan skoonvee en iets anders daarop skryf nie. Dis ook nie soos 'n radio wat jy van een stasie kan oorskakel na 'n ander stasie nie. Indien 'n persoon se karakter en persoonlikheid deur 'n proses van enkulturasie, deur opvoeding en stelselmatige kondisionering volgens gevestigde waarde-oordele en norme gevorm is, is dit uiters moeilik om dit te verander. Veranderinge wat by individue intree moet dan eers langsamerhand deurwerk in die gemeenskap. Veranderinge van etiese, estetiese en ander waarde-oordele vind baie langsaam plaas. Dit bring ontwrigting in die persoonlikhede en in die lewens van die persone wat 'n nuwe kultuur oorneem, tot stand. Op dieselfde wyse word hierdie ontwrigting op die gemeenskapslewe wat onderhewig is aan so 'n proses van kulturele transisie oorgedra. Prosesse van akkulturasie bring sosiale ontwrigting mee. Akkulturasie hou 'n mate van dekulturasie in. Een orde verval en 'n ander kom tot stand. Gedurende hierdie periode is persone en die gemeenskap waaraan hulle behoort onderhewig aan persoonlikheidsontwrigting en sosiale ontwrigting: 'n uiters gunstige teelaarde vir spanninge en botsings. 'n Sametreffing van twee kultuurpatrone en die oorname van 'n ander kultuurpatroon maak die lewe vir die oornemers ook baie ingewikkeld. Die lewe verloor sy spontaniëtiet. Die mens word voortdurend voor keuses tussen twee alternatiewe geplaas. Dit is soos 'n persoon wat 'n tweede taal aangeleer het; wanneer jy met die een besig is, dring die idioom van die ander hom aan jou op. So 'n dualistiese lewenspatroon kan senutergend wees, en aan so 'n senutergende omstandighede word mense van 'n onontwikkelde orde onderwerp wanneer hulle verplig is om die lewenspatroon van 'n hoër ontwikkelde orde te neem.

Wanneer twee volke of bevolkingselemente so vermeng word en verplig is om deur 'n proses van integrasie, onderhewig aan die wet van samegroeiing, tot 'n nuwe eenheid saam te groei, is hierdie bogenoemde faktore werksaam, almal faktore wat 'n proses van samegroeiing 'n uiters pynlike maak. Daar is egter nog ander faktore wat die pynlikheid van die proses verder verskerp. Dit is onder andere die verskynsel van groepsolidariteit en -lojaliteit en die beginsel van sosiale sigbaarheid. Dit is 'n normale en natuurlike houding van die mens om hom nouer verbind te voel aan die groep van mense met wie hy die meeste in gemeen het, en met wie hy die nouste verbintenisse het. Dis 'n normale verskynsel dat mense onder mekaar rusie kry. As dit twee persone is wat tot dieselfde groep behoort, is die rusie tussen twee individue, maar as hulle tot verskillende groepe behoort, brei dit maklik uit om in die gedagtes van die stryers die twee groepe waaraan hulle behoort in te sluit. Dit hang saam met die natuurlike neiging van die mens om in gevalle van onderlinge twis mekaar uit te skel in terme van die groepe waaraan hulle behoort. Onmiddellik word hulle vir mekaar verteenwoordigers van 'n groep en elkeen verwys neerhalend na die groep waaraan die ander behoort.

Sodoende tref die een die ander nie alleen in die agting wat elkeen vir homself het nie, maar ook in die agting wat elkeen vir sy eie groep het. Spanninge tussen individue slaan dus maklik oor na spanninge tussen groepe. Verdeellyne in 'n besondere sosiale verband het 'n neiging om onder spanning skeurlyne te word. Waar sosiale verdelinge op kultuurverskille berus, kan dit deur die normale proses van samegroeiing uiteindelik verdwyn en so tot 'n stygende sosiale kohesie lei. Sosiale sigbaarheid wat op kultuurverskille berus, neem onder 'n proses van eenwording stelselmatig af tot dit by volkome eenwording verdwyn. Hiermee neem sosiale verdelinge ook stelselmatig af tot dit ook uiteindelik verdwyn. Wanneer verskille tussen groepe berus op sigbare fisiese voorkoms wat erflik bepaal is, soos die uiterlike verskille tussen twee rasse, en dus nie aflegbaar is nie, bly die verdeellyne egter voortbestaan. So 'n standhoudende verdeellyn het die neiging om onder spanning 'n standhoudende skeurlyn te bly. Langs hierdie weg kan rasseverskille tussen volke wat in 'n akkulturatiewe situasie teenoor mekaar te staan kom, 'n ernstige belemmerende faktor word in die uitkristallisering van 'n heg-geïntegreerde nuwe sosiale eenheid en gedurig 'n bron van verdeling bly, veral as die voorkoms van die een ras vir die ander, volgens sy estetiese norme, ook lelik is.

As ons nou sê dat ons in Suid-Afrika 'n akkulturatiewe situasie het, dan bedoel ons daarmee dat ons 'n Blanke element met 'n westerse kultuurpatroon het wat teenoor 'n swart element met primitiewe kultuurpatrone te staan gekom het. In die eerste instansie het ons op die kragvlak met mekaar gebots en dit wel oor 'n lang tydperk, beginnende in Oos-Kaapland en eindigende hier in Transvaal, totdat die Blankes die oorwinning oor die Bantoe behaal het. Soos die oorwinning op die kragvlak behaal is, het die botsinge op die kultuurvlak begin, veral nadat die betrokke kultuurgroepe in noue aanraking met mekaar gekom het. Dit was nie net twee kultuurtipes wat teenoor mekaar te staan gekom het nie, maar dit was ook mense met verskillende persoonlikheidstrukture, verskillende etiese uitkyke, verskillende norme waarvolgens hulle lewe, verskillende waardebegrippe waarvolgens hulle oordeel en met verskillende fisiese voorkomstes. Maar laat ons die twee komponente in die akkulturatiewe situasie bietjie nader betrag.

Vanuit 'n Volkekundige oogpunt vorm die Blankes nie 'n homogene element nie. Die Blankes bestaan in die eerste instansie uit die Afrikanervolk wat vanweë hulle getalsoorwig en vanweë hulle gewortelheid in Suid-Afrika die kern van die Blanke element vorm. Die Afrikanervolk is een van die weinige jong westerse volke waarvan ons die ontstaan histories kan aandui en ook al die faktore wat in sy ontstaan en groei meegewerk het, kan bepaal. Hier kan ons nie daarop ingaan nie maar ek wil tog net vlugtig 'n paar punte aanstip. Teen die end van die agtiende eeu was die Afrikanervolk as sodanig reeds gevorm. In 'n volkekundige sin het hierdie volk reeds sy volle beslag gehad: reeds 'n eie kultuurpatroon met sy eie koers, ideale en strewes besit. Die twee pilare waarop

die lewenspatroon van die Afrikanervolk sedert sy totstandkoming gefundeer is, is sy sterk godsdienssin en sy vryheidsin, albei erfenisse wat deur die Afrikaner se stamvaders uit Europa hierheen gebring is maar wat alhier 'n besondere belewenis gekry het. Hulle godsdienssin was protestantschristelik en puriteins van aard. Hiervoor het hulle alles feil gehad. Ons verwys hier nie na die soldate en matrose wat hier tydelike verblyf gehad het of net aangedoen en verby geseil het nie. Ons verwys hier na die werklike stamvaders wat die kern waaruit die Afrikanervolk gegroei het, gevorm het. Hulle het die Afrikaanse lewenspatroon gefundeer en in hierdie lewenspatroon was die puriteinse en christelik-protestantse patroon reeds vroeg teenwoordig. Net so, is die Afrikaner se vryheidsin ook 'n Europese erfenis maar onder die Suid-Afrikaanse omstandighede het dit ook 'n besondere gestalte aangeneem. Die vryheidstryd van die Afrikaner sedert die onstaan van sy volkseenheid is goed bekend. Die vryheidstrewe en godsdiensin is so sterk in die kultuur van die Afrikaner die deurslaggewende dryfvere, dat die gedrag en strewe van elke volksbewuste Afrikaner alleen teen die agtergrond van hierdie twee temas verstaanbaar word.

Volgens berekening was die samestelling van die Afrikanervolk teen die end van die 18de eeu ongeveer soos volg: Van Nederlandse herkoms 53 persent, van Duitse herkoms 28 persent, van Franse herkoms 15 persent en van Switserse, Belgiese, Deense en Britse herkoms 4 persent. Die Angelsaksiese bydrae tot die vorming van die Afrikanervolk was gedurende die eerste 150 jaar minimaal. Gedurende die tweede 150 jaar is dit egter anders. Persone van Engelse herkoms het gedurende hierdie tweede fase in die geskiedenis van die Afrikanervolk 'n rol begin speel. Na die oorname van die Kaap deur Brittanje kom daar veral van 1820 talle Britse Setlaars na Suid-Afrika. Groter hoeveelhede stroom in met die ontdekking van diamante en goud. Die stroom het al hoe sterker geword, tot direk na die Tweede Vryheidsoorlog toe daar binne 'n kort tydsbestek ongeveer 270,000 persone van Britse herkoms in Suid-Afrika geland het.

Naas mense van Britse herkoms het daar in 1859 ook addisionele Hollandse en Duitse immigrante na Suid-Afrika gekom. Sommige Nederlanders het in Kaapland gebly, andere het hulle in die Republieke kom vestig. Die Duitsers het hulle in Oos-Kaapland en in Natal gevestig. Sedertdien het immigrante vanuit die stamlande en ook van elders uit Europa gedurig hier aangesluit. Die hoofelement van die Blanke bevolking is egter vandag nog die Afrikanervolk en die nasate van die Britse bevolkingselement. In 1951 was die verdeling tussen hierdie twee hoofelemente volgens huistaal 57 persent Afrikaanssprekend en 40 persent Engelssprekend, die res was of albei-talig of andertalig.

Ons moet egter met die oog op die bepaling van die aard en herkoms van die rasseverhoudingspatroon in Suid-Afrika weer effens terug kyk in die geskiedenis. Toe ons voorsate na Suid-Afrika gekom het, het hulle die Hottentotte en Boesmans aan die Kaap aangetref. Tussen inboorling en kolonis was daar van die vroegste tye af 'n verdeling tussen

diegene van die Christendom en diegene van die heidendom. Sodra die heidense Hottentotte egter die Christelike geloof aanvaar het, gedoop was, en in die kerk belydenis van geloof gedoen het, en as lidmate aanvaar is, was die Blankes bereid om sulke Hottentotte in hulle geledere op te neem soos dit dan ook in die vroegste tye aan die Kaap gebeur het. Dit is egter ook bekend dat die bewindhebbers vroeg reeds besef het dat dit 'n baie gevaarlike praktyk was, Kerstening was geen waarborg vir verwestering nie.

Volkekundig is dit baie goed verstaanbaar. Waar mens hier 'n Blanke element, met 'n westerse lewenswyse wat christelik-puriteins georiënteer is, vind, was dit baie duidelik dat hulle nie gemene saak kon maak met persone van heidense afkoms en waarvan die persoonlikheidstrukture gestaan het op die primitiewe Hottentotvlak nie. Selfs nadat hulle die Christelike geloof aanvaar het, al sou hulle gedoop gewees het, en belydenis gedoen het, was dit nog gevaarlik want hierna begin die stryd vir sulke bekeerlinge eers. Ons wat so bevoorreg is om in 'n Christelike volksverband en binne Christelike huisgesinne op te groei, en wat die voorreg gehad het om die Christelike lewenswaardes en -norme deur 'n proses van enkulturasie en kondisionering as deel van ons wese en karakter te verkry, en in so 'n samelewing groot te word, kan kwalik besef aan watter innerlike stryd 'n jong heidense bekeerling onderwerp word. Al stryd wat ons te voer het, is die stryd teen ons eie swakheid en teen die mag van die sonde. In die geval van 'n Hottentot, of in die geval van enige bekeerling uit die primitiewe heidendom, het hy nie alleen te stry teen die mag van die sonde nie maar ook teen sy hele kultuurerfenis wat primitief en heidens georiënteer is en wat in sy persoonlikheid gekonsolideer is, wat in hom verinnerlik is, en wat hy nou terwille van die Christelike geloof en lewenswyse moet aflê. Dit was ook baie duidelik dat daardie Hottentotte wat hiervoor in aanmerking gekom het (en dit was veral Hottentotvroue aangesien daar 'n skaarste aan Blanke vroue was) nie in staat was om aan die eise wat 'n Christelike samelewing aan hulle gestel het, te voldoen nie. Hierdie Hottentotvroue was ook allermins in staat om as volksmoeders die Christelike Nederlandse deugde by die opgroeiende kinders in te skerp. Dit is baie duidelik deur die beginselvaste en oordeelkundige koloniste besef. Binne die eerste ses-en-twintig jaar is omgang tussen Blankes en gekleurdes aan die Kaap as 'n skandvlek beskryf, 'n skandvlek op die Nederlandse en „andere Christen natien" wat aan die Kaap verteenwoordig was. Hier kry ons die eerste beslissing waarvolgens die vroegste inwoners probeer het om hulle kulturele erfenis suiwer te bewaar en ongeskonde aan die nageslag oor te dra. Die openbare mening het teen sodanige omgang geswaai en persone wat hulle hieraan skuldig gemaak het, is reeds vroeg gestigmatiseer.

Vanaf hierdie tyd reeds het die Blankes hulle onthou van intieme verkeer met gekleurdes. Dit was nie die gevolg van rasse-vooroordeel nie maar het berus op gesonde oordeel. Die Blankes het hulle as sodanig intakt gehou en gesorg dat daar geen verdere assimilasie van gekleurde elemente

plaasvind nie. Dit het hulle gedoen ter wille van die beskerming van hulle kulturele erfenis. Die fundamente van ons houding teenoor die gekleurde volke in Suid-Afrika reik só ver terug in die geskiedenis. Hierdie eerste volksvaders en -moeders was egter nie rassehaters nie. Dit blyk duidelik uit hulle houding teenoor die gekleurdes. Die hervorming waaraan die Kerk onderhewig was, het toe pas koers gekry, trouens die jong protestantisme was nog in 'n doodstryd gewikkel met die Rooms-Katolisisme. Sendingwerk van protestantse kant was toe nog nie onderneem nie. Ons voorsate het egter die evangelie aan die inboorlinge verkondig. Binne huislike kring het elke huisvader sy apostoliese pligte teenoor sy bediendes nagekom. Hoewel hulle in 'n ander kultuurverband geleef het, het hulle hulle as mense behandel en hulle probeer oorhaal na 'n Christelike lewenswyse. Die evangelie is aan hulle verkondig maar 'n strak skeidslyn is verder tussen inboorlinge en Blankes getrek. Indien daar persone was wat dit nie gedoen het nie (en daar was) dan was hulle ver in die minderheid, in elk geval nie genoeg om die ontplooiing van die kultureel-bepaalde verhoudingspatroon in 'n ander rigting te beïnvloed nie. Hulle kon nie die gang en die koers wat die Afrikanervolk in sy geheel in sy lewe ingeslaan het, in 'n ander rigting stuur nie—trouens op sulke persone en hulle praktyke is daar neergesien. Ek stel hierdie feite met nadruk omdat ons so dikwels deur sommige instansies beskuldig is en nog beskuldig word dat ons voorvaders en ons, as hulle nasate, volgens 'n Ou Testamentiese godsdiens geleef het, dat hulle nie Christelik teenoor die inboorlinge gestaan het nie, dat hulle vervul was met rassevooroordeel en rasse-haat, dat hulle self kultuurloos en barbaars was. Ons verwerp hierdie aantyging met die minagting wat dit verdien. Die verhoudingspatroon wat sy beslag gekry het ten gevolge van noue aanraking met die Hottentotte is na ontmoeting met die Bantoe ook teenoor hulle om dieselfde redes voortgesit.

Aan die begin van die tweede fase, die tweede 150 jaar, in die geskiedenis van die Afrikanervolk is daar 'n nuwe wending. Dit hang saam met die verskyning van nuwe mense en nuwe opvattinge op die Suid-Afrikaanse bodem. Soos u weet het daar na die vestiging van Blankes aan die Kaap en terwyl die Afrikanervolk op eie bodem ontplooi, en 'n eie gestalte aangeneem het, nuwe geestesstrominge oor Europa getrek. Ek verwys hier na die geestesstrominge wat voortgevloei het uit die naturalistiese en humanistiese lewensfilosofie van Rousseau. U weet hoe dit verloop het en wat die uitwassinge daarvan was. Dit is voldoende om hier te meld dat hierdie nuwe denke hom veral laat geld het op die gebied van die Staatkunde en die Godsdiens, en in die laaste instansie meer bepaald ten opsigte van besondere kerklike verbande. Met die koms van nuwe immigrante na Suid-Afrika kry ons hierdie nuwe stromings ook hier te lande, nie soseer deur die verskyning van individuele Britte nie maar deur die verskyning van verteenwoordigers van bepaalde kerklike en piëtistiese sendingorganisasies. Die nuwe bewindhebbers aan die Kaap het begin regeer volgens 'n staatsfilosofie wat aan die Afri-

kanervolk vreemd was. Dat dit 'n nuwe en vreemde ideologie is, blyk duidelik uit die feit dat dit reeds onder die Hollandse bewind teen die end van die 18de eeu sy kop begin uitsteek het, en dat die deursnee-Afrikaner hom daarmee nie kon vereenselwig nie. Dit het egter eers ontplooiing begin kry vanaf die begin van die 19de eeu en wel onder die Britse bewind. Dit het wettelike vorm aangeneem in die Ordonnansie van 1828 waarin Hottentotte met Blankes gelyke burgerregte verkry het. Dit is verder in 1853 uitgebou toe die Kaap Verteenwoordigende Bestuur gekry het. Dit het op staatkundige gebied so verloop dat die Bantoe van die Transkei uiteindelik ook gelyke burgerregte met die Blankes ontvang het. Die verhoudingspatroon het in Suid-Afrika die vorm aangeneem van gelykstelling van Wit en Swart sonder inagneming van geloofs- of kultuurverband. Hierdie gelykstellingsbeleid was nie soseer die wens van die gewone plaaslike Engelssprekendes nie maar dit was die gevolg van druk vanuit Brittanje omdat die Britse staatkunde volgens hierdie nuwe staatsfilosofie georiënteer was. Hierdie botsings op die ideologiese vlak het ook gelei tot botsinge op die personale vlak. Dit is verder verskerp deur die gedwonge angliseringsproses wat daar van regeringsweë op die Afrikaner deur die geskiedenis uitgevoer is. Dit is so bekend dat ons hieroor nie hoef uit te wei nie.

'n Verdere faktor wat ook verantwoordelik is vir die verdeelheid tussen die Afrikaanssprekende en Engelssprekende gedeeltes van die Blanke bevolking is die feit dat die Engelsprekendes binne die ryksverband dit moontlik gevind het om in Suid-Afrika te woon en tog volksgetroue Britse nasionaliste te bly. Brittanje het hulle vaderland gebly, en Suid-Afrika het vir hulle alleen betekenis gehad vir sover dit 'n uitbreiding van Brittanje was. Vir die Afrikaner was dit onbegryplik. Sy nasionale bewussyn was alleen op Suid-Afrika toegespits en trou aan Brittanje was 'n vreemde trou. Daarom kon hulle mekaar ook nie vind nie en is die samegroeiing van die twee hoof seksies van die bevolking tot één volk vertraag en selfs belemmer geword. Naas hierdie faktore was daar nog ander wat 'n ewe kragtige rol in die instandhouding van verdeeldheid gespeel het—ons hoef egter nie hier daarop in te gaan nie. Ons kan egter konstateer dat daar, ten spyte van die stremmende faktore, gedurende die afgelope 150 jaar 'n proses van samegroeiing tussen die twee hoof seksies van die Blanke bevolking plaasgevind het. Van af Afrikanerkant is daar verskuiwinge na die Engelse kant en van die Engelse kant is daar verskuiwings na die Afrikanerkant. Ons is stelselmatig besig om 'n eenvormige lewenspatroon te ontplooi. Die proses is aan die gang hoewel die end nog lank nie in sig is nie. Volgens die volkekundige wet van samegroeiing, integrasie, sal daar 'n proses van eenwording intree wanneer die voorwaardes vir sodanige samegroeiing daar is, ten spyte van die faktore van verdeling. Dit mag baie langsaam plaasvind maar dit kom onverbiddelik. Dit kan geskied ten spyte van twis en onderlinge bloedvergieting. Die werking van hierdie proses lê opgesluit in die werking van die kragte—wat in die lewe van die mens verantwoordelik

is vir volksvorming—die daarstelling van volke as organiese eenhede op aarde. Hierdie kragte is ook werksaam in die vorming van 'n groter Blanke volk in Suid-Afrika, ongeag die stryd wat daar tussen ons bestaan het en ongeag die verdelinge wat daar nog mog bestaan. Ons moet egter besef dat ons as die Blanke komponent in die akkulturatiewe situasie 'n verdeelde eenheid vorm. Dit hou vir ons baie groot gevare in wat ons hier nie verder wil bespreek nie. Die Blankes in Suid-Afrika het in 1951 2,642,713 persone getel en ongeveer 20.9 persent van die totale bevolking van die Unie gevorm. Dit is egter minder bekend dat 49 persent van die Blankes wat in Afrika woonagtig is hulle tuiste in Suid-Afrika het, terwyl 81 persent van die Blankes suid van die Sahara in Suid-Afrika woon. Suid-Afrika vorm 'n vesting vir die westerse beskawing en 'n konsentrasie-punt van die blankedom in Afrika.

Laat ons nou die swart komponent nader betrag. Die Bantoe is nie die inheemse bevolking van Suid-Afrika nie, hulle is ook latere inkome-linge net soos die Blanke. Die Boesmans en die Hottentote was hier voor die Bantoes en die Blankes. Volgens Theal het die Bantoe teen die middel van die 16de eeu gewoon: noord van 'n lyn wat strek van ongeveer 30 myl noord van Walvisbaai na die suidwestelike hoek van Swaziland (die boloop van die Vaalrivier) en vandaar oos van die Drakensberge suidwaarts tot by die Umtamvuna-rivier. Hulle het hierheen gekom vanuit êrens in Sentraal-Afrika waar hulle reeds baie vroeg hulle ontstaan gehad het. Waar en wanneer hulle presies ontstaan het, is nie bekend nie. Soos die Blankes van uit die Suide oos- en noordwaarts beweeg het so het die Bantoe volke suid- en weswaarts beweeg totdat hulle teen mekaar gestuit het teen die einde van die 18de eeu en gedurende die 19de eeu.

Vanuit 'n ras-biologiese oogpunt is die Bantoevolkesaamgestel uit twee hoof elemente: die eerste is Negerelement en die tweede is 'n Hamitiese element. Die Negers was reeds 2,000 jaar v.C. in sentrale gedeeltes van Afrika woonagtig. Toe was Negerland reeds Suid van Egipte. Die Hamitiese element is afkomstig van die Hamitiese of Bruin ras wat affiniteite met die Meditereense ras vertoon en waarskynlik nou verwant is aan die Meditereense ras. Die Hamitiese ras was reeds baie vroeg in Noord-Afrika woonagtig. Die algemene beskouing is vandag nog dat sogenaamde Hamitiese volke vanuit die noorde getrek het en met die Negers van Sentraal Afrika verbaster het en so aanleiding gegee het tot die Bantoe wat vandag met uitsluiting van sekere nie-Bantoe-enklawes die hele suidelike gedeelte van die Afrika-kontinent bewoon. Naas die Neger- en Hamitiese elemente onder die Bantoe is daar nog met afwis-selende intensiteit ook Boskopoïede, Boesman- en Hottentot-inslag aanwesig. Die Hottentotte is ook van Hamitiese oorsprong. Die Hot-tentotbymenging het dus 'n neo-Hamitiese element onder die Bantoe van Suid-Afrika ingedra.

Vanuit 'n rasse-oogpunt kan ons, met inagneming van die afwisselende afwykinge hier en daar, konstateer dat die Bantoe redelik eenvormig is. Vanuit 'n kulturele, en veral meer bepaald vanuit 'n taalkundige oogpunt,

is daar egter baie groot verskille. Dit is 'n normale fout wat deur Blankes gemaak word om hierdie mense as 'n homogene kultuureenheid te beskou. Omdat hulle almal swart is, omdat Blankes gewoonlik baie min kennis van hulle tale en gewoontes het, omdat hulle almal nog kultuuragterlik is, word daar deur die meeste mense eenvoudig aanvaar dat hulle een homogene groep vorm. Volgens taalkundige en algemeen-kulturele kriteria val die Bantoe van die Unie in vier verskillende groepe naamlik: Nguni-, Sotho-, Shangana-Tsonga- en Vendagroepe. Volgens die 1951 sensus was daar 8,534,341 Bantoe persone in die Unie. Die Ngunigroep het ongeveer 60 persent van die totaal gevorm, ongeveer vyf miljoen in ronde syfers. Die *Nguni* bestaan uit die stamme van Oos-kaapland-, (Xhosas en verwante stamme), die Zoeloes en ander verwante stamme van Natal, die Swazi's en die Transvaalse Ndebele (wat verspreid in die distrikte Pretoria, Belfast, Witbank en Middelburg aangetref word). Die *Sotho-groep* was ongeveer drie miljoen persone sterk (35 persent van die totaal). Hier onder ressorteer die Basoeto van Basoetoland, die Tswana (woonagtig in Betsjwanaland en Wes-Transvaal) en die Noord- en Oos- Sotho wat onderskeidelik in Noord- en Oos-Transvaal aangetref word. Die Sothostamme kan in verskillende subgroepe verdeel word. Hier hoef ons egter nie daarop in te gaan nie. Die *Venda stamme* woon noordoos van Louis Trichardt in Soutpansberg en het in 1951 ongeveer 133,000 persone getel of 1.6 persent van die totale bevolking uitgemaak. Die *Shangana-Tsonga* woon hoofsaaklik in Noordoos-Transvaal. Hulle is eintlik latere immigrante uit Portugees-Oos-Afrika wat hulle in Transvaal kom vestig het veral vanweë die kettingreaksie wat die uitdelgings oorloë van Tsjaka aan die gang gesit het. Hulle het in 1951 ongeveer 350,000 getel en het ongeveer 3 persent van die totale bevolking uitgemaak.

Hieruit is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die Unie-Bantoe tot die Nguni- en Sothogroep behoort en ook dat die Bantoe-stamme van die Britse Hoë- Kommissarisgebiede etnies aansluit by die Bantoe van die Unie. Daar bestaan baie belangrike verskille tussen hierdie groepe. Die tale van die Ngunigroep en Sothogroep verskil so radikaal van mekaar dat verteenwoordigers van die een groep die ander nie kan verstaan nie tensy hulle die ander taal geleer het. Omdat die Bantoe so maaklik 'n vreemde taal aanleer reken ons dat hulle mekaar maklik oor en weer kan verstaan en daarom is die onkundige so onbewus van die groot verskille wat bestaan. Die onderlinge verskille tussen die tale van die een groep is net so groot en soms groter as die verskille tussen Afrikaans, Nederlands, Vlaams en Duits. Die verskille tussen die tale van twee groepe is minstens net so groot as die verskille tussen die Dietse tale aan die eenkant en die Skandinawiese aan die anderkant. In sekere opsigte is die verskille nog groter.

Die Bantoe kan daarby verdeel word in 'n verskeidenheid van stamme. 'n Verskeidenheid van organismes in die sin soos ons dit aan die begin geskets het. Elkeen leef, selfs vandag nog, onder hulle eie

tradisionele regerings. Hulle het almal afsonderlike kragentiteite gevorm waarmee die Blankes in die loop van die geskiedenis op die militêre vlak gebots het. Na oorwinning deur die Blankes het daar 'n deurmekaarvloeiing plaasgevind, nie alleen van Blankes en Bantoe nie, maar ook van Bantoevolke onderling. Bantoe-persone wat vir mekaar volksvreemd is, het met mekaar in aanraking gekom. So het die Bantoe kennis gemaak met die kultuur van die Blankes maar ook met die kultuurpatrone van ander Bantoestamme. Ten spyte van noue aanraking met die Blankes en met mekaar onderling, het die oorspronklike stameenhede bly voort bestaan tot vandag toe. Selfs die gekerstende Bantoe bly getrou aan hul stamverband en getrou aan die bande met die stamregering. Daar het egter 'n steurnis in die lewenspatrone van die verskillende stamme ingetree. Die kultuurbalans van elke stam is in 'n mindere of meerdere mate versteur. Daar is nuwe sosiale verdelinge en spanninge geskep. Daar is spanninge en botsings in die persoonlikheidstrukture totstand gebring. Ten spyte hiervan bly hulle nog getrou aan hulle stamverband. Selfs die Bantoe persone wat in die stedelike gebiede woonagtig is, bly verbonde aan die stamverband van hulle herkoms. Dit is alleen maar 'n baie klein persentasie wat hulle oorspronklike volksverband wil afsweer en dit hoofsaaklik tengevolge van invloede van buite: 'n bewuste poging om van die volksverband te vervreem. As hierdie afvalliges 1 persent van die totale Bantoebevolking vorm, is dit baie. Miskien is die persentasie selfs te hoog gestel want 1 persent verteenwoordig ongeveer 80,000 persone. Dit is twyfelagtig of daar soveel Bantoe persone is wat werklik gedenasionaliseer, ontstam is, en hoegenaamd geen bande meer het wat hulle met hulle volk verbind nie.

Die Kultuurstand van die Bantoevolke is die van primitiwiteit. Daar is volkekundiges wat nie meer die term „primitief" wil gebruik nie: daar sou dan 'n vernederende bybetekenis aan verbonde wees. Daar word vandag gepraat van „underdeveloped peoples" of „peoples undergoing rapid development". Sommige skrywers praat van „skriflose volke". Die besit van 'n die kuns en vaardigheid om te skrywe is dan 'n kriterium waarvolgens 'n volk primitief of beskaafd kan wees. Na ons oordeel is so 'n kriterium nie bruikbaar nie. Daar is talle volke in die geskiedenis bekend wat die kuns om te skrywe geken het en tog nog primitief was. Primitiwiteit moet liewers met die afwesigheid van die vrye ontplooiing van die menslike gees in verband gebring word. Primitiewe kulture is redelik stereotiep staties vergeleke by die hoëre ontwikkelde kulture waar die skeppende, werksaamheid van die menslike gees vryheid gelaat is, waar die gees beter kan „blom". Dit is dus vanselfsprekend dat ons verskillende stadia van beskawing kan hê. In die primitiewe samelewing is die indiwiduele skepper minder vry, meer gebonde aan 'n bestaande lewenspatroon. Dit is selfs gevaarlik om daarbo uit te styg want so'n persoon kan beskou word as iemand wat van allerhande geheime en bose magte gebruik maak om hom bo ander te laat uitblink. Stereotipie en eenvormigheid is die kenmerk van primitiewe kulture. Indien 'n mens

'n primitiewe maatskappy sover kan kry dat die skeppende gees vryer word in sy ontplooiing, dat dit kan begin „blom", dan het so 'n maatskappy sy voet op die pad van sneller ontwikkeling geplaas. Mens moet egter onthou dat so 'n gebeurtenis 'n steurnis in die maatskaplike balans totstand bring want van sulke mense word dan verwag dat hulle hulle sal losruk van die stereotipe tradisionele ankers.

Om te vervat: die kulture van die Bantoevolke hoort tot die trap van primitiwiteit in die bogenoemde sin. Dit is dié soort lewenspatroon wat in die akkulturatiewe situasie in Suid-Afrika teenoor die westerse lewenspatroon van die Blankes te staan gekom het. Die twee soorte kulture staan reëlreg teenoor mekaar. Op elke terrein bestaan daar belangrike verskille: op die ekonomiese, die godsdienstige, maatskaplike, ens. Die verskille is so groot dat 'n mens sou kon sê dat die kulture twee teenoor-mekaar-liggende pole vorm.

Die draers van hierdie primitiewe kultuurpatrone, wat na fisiese voorkoms swart is, en wat ongeveer 8½ miljoen persone tel, sluit in voorkoms en in lewenswyse aan by die ander swart volke wat noordwaarts in Afrika woonagtig is en 'n totale geheel van ongeveer 200 miljoen siele tel. Ons moet dit egter weer beklemtoon dat hoewel al hierdie mense swart is hulle nie 'n homogene kultuureenheid vorm nie en hulle hulleself ook nie as 'n eenheid voel nie. Daar bestaan belangrike verskille tussen hulle.

Die verskillende swart volke en die Blanke komponent wat in die Unie woonagtig is, het hier hulle vaderlandsgebiede. Ten opsigte van hierdie punt moet ons dit duidelik stel dat die bewering wat so dikwels sonder meer as waar aanvaar word: dat ons die Bantoe volke hulle woongebied met geweld ontneem het, dat ons dit van hulle geroof het en dat die Bantoevolke onterfdes in hulle eie vaderland geword het, onwaar is. Sulke bewerings is onjuis. Ons het dit reeds vroeër gestel dat die Blankes en die Bantoevolke gelyktydig vanuit die teenoorgestelde kante die Unie begin bewoon het. In hierdie verband moet die volgende historiese feite beklemtoon word: Die moordende hordes van Tsjaka, Mziligazi, Dingane, Sekonyela en Mantatisi het gedurende die laaste gedeelte van 18de eeu en die eerste paar dekades van die 19de eeu minstens meer as een miljoen van hulle eie rasgenote uitgemoor, hulle vee ontvoer en hulle gesaaides afgebrand. Selfs die gras is afgebrand. Die voortvlugtendes het in hongersnood verval. Hulle het geleef van die sade van die veld, van wildvleis en sommige groepe het selfs in kannibalisme verval. Die volksverhale van die Basoeto is vol hiervan. Daar is selfs oorlewerings van die Voortrekkers dat hulle op hulle tog na die noorde 'n naturel met die romp van 'n mens aan 'n stok oor sy skouer sien stap het: voedsel in 'n droewige tyd van honger en ontbering. Toe die Voortrekkers in hierdie streek noordwaarts beweeg het, was die vlaktes ontvolk en het hulle dit begin bewoon. Ander gebiede is deur ooreenkoms verkry soos byvoorbeeld in Natal waar Retief onder die bekende traktaat die gebied vanaf die Tugela-rivier tot by die Umzimvubu-rivier vir die

Trekkers bekom het. Die huidige Pondoland val binne die gebied. In werklikheid dus het baie Bantoestamme eintlik Blanke gebied as woongebied betrek. Dit geld ook die stamme wat tans in Natal suid van die Tugela woonagtig is. Daar was nog nooit iemand wat hom daarvoor beywer het dat hierdie gebiede weer aan die Blankes teruggegee moet word nie. Die gebiede wat deur die Bantoevolke bewoon was, wat hulle vaderlandsgebiede gevorm het, is nooit deur die Blankes van hulle vervreem nie, inteendeel daar is nog bygevoeg. Die gebiede wat tans Blanke gebied is, vorm die vaderlandsgebiede van die Blankes en die Bantoevolke het geen reg van aanspraak daarop nie. Net so min het die Blanke vandag aanspraak op hulle gebiede. Die Blankes het nog nooit daarop aanspraak gemaak nie. Onder wetgewing wat tans nog bestaan en wat selfs uit die vorige eeu dateer mag geen Blanke eiendomsreg in die gebiede wat vir die Bantoevolke afgesonder is, verkry nie.

Deur die verloop van omstandighede het hierdie gebiede oorbevolk geraak, maar so is baie ander gebiede oorbevolk. Deel Australië aan Indië, Sjina en Japan grondgebied uit vanweë hulle groot behoefte aan mensemateriaal vir die ontwikkeling van Australië? Nee, hulle doen dit nie. Nee, hulle sê „As ons dit doen stort ons hele lewenspeil in duie". Niemand verkwalik hulle dit nie. Van die Blankes in Suid-Afrika wil die res van die wêreld en ook sommiges hier te lande egter hê dat ons aan die Bantoes, wat by ons kom werk het, wat deur hulle arbeid te verkoop by ons 'n verdienste en 'n bestaansmoontlikheid verkry het—en as hulle dit nie verkry het nie lankal van honger en ellende sou omgekom het—volle burgerregte moet gee net omdat hulle gebiede oorbevolk is. Hierdie mense verwag van ons dat ons ons vaderland aan die Bantoevolke uitdeel! Enige persoon wat 'n gevoel van billikheid het, sal die onregverdigheid van hierdie eis insien.

Die verdeling van die tuisgebiede van die Bantoe en van die Blankes berus vandag op wetgewing. In 1913 is ongeveer 10 miljoen morg en in 1936 'n verdere 7¼ miljoen morg as Bantoegebied wetlik beskerm. Gedurende die tydperk tussen die twee datums het die Bantoe nog bykomstige gronde bekom sodat die totale oppervlakte wat aan die Bantoevolke toegesê is vandag byna 20 miljoen morg bedra. Hiervan is ongeveer 17 miljoen morg in besit van Bantoegemeenskappe, van indiwidue of van die Suid-Afrikaanse Naturelletrust. As geheel gereken, beslaan die gebiede tweekeer die oppervlakte van Natal, is groter as die Oranje-Vrystaat, is groter as Engeland en Wallis saam of is vyf maal die grootte van België of vier maal die grootte van Switserland. Die totale oppervlakte vorm byna 14 persent van die oppervlakte van die Unie. Van hierdie gebiede ontvang 76 persent meer as 20 dm. reën per jaar.

In die verband is daar 'n baie belangrike feit wat onthou moet word: die huidige Britse Hoë-Kommissarisgebiede was voor die totstandkoming van die Unie deel van groter Brits-Suid-Afrika. In hierdie groter Brits-Suid-Afrika van na 1902 was bykans die helfte van die totale oppervlakte van dié groter gebied Bantoegebiede. Ongeveer twee-derdes van die

huidige Swaziland hoort aan Blankes. As die Hoë-Kommissarisgebiede aan die Bantoe van Suid-Afrika afgestaan word, sou 47 persent van die totale oppervlakte van groter Suid-Afrika Bantoegebiede wees. As Brittanje nou die gebiede terughou en hulle nie wil laat aanskakel by die Bantoegebiede van die Unie nie, is dit nie 'n onreg wat hulle ons aandoen nie, maar 'n onreg teen die Bantoe van die Unie. By die totstandkoming van die Unie is grense deur die Blankes deur die gebiede van talle Bantoestamme getrek. Soos byvoorbeeld in die geval van die Rolong: 'n gedeelte van hierdie stam val binne die Unie terwyl 'n ander gedeelte binne die Betsjwanalandse Protektoraat val. Die toevallige verspreiding van die Bantoe ten tye van die totstandkoming van Unie was daarvoor verantwoordelik dat die grootste gedeelte van die Bantoe binne die grense van die Unie vasgevang is, terwyl 'n kleiner minderheid in die Hoë-Kommissarisgebiede ingesluit is.

Die Bantoetuistes van die Unie bestaan uit 110 los eenhede van wisselende grootte met daarnaas 154 swart kolle wat perdehoefvorming verspreid binne die grense van die Unie lê. Met die oog op toekomstige ontwikkeling op staatkundige sowel as ekonomiese gebied is konsolidasie van hierdie gebiede, min of meer soos deur die Tomlinson-kommissie voorgestel, noodsaaklik. Selfstandige en afsonderlike ontwikkeling van die Bantoe vereis stelselmatige konsolidasie van hierdie gebiede. Dit is 'n feit wat ons in die oë moet staar en hoe gouer alle Blankes dit besef, hoe gouer dit uitgevoer kan word, en hoe beter sal dit wees.

Volgens berekening het 42 persent van die Bantoe nog hulle volle tuiste binne die Bantoegebiede, terwyl 58 persent daarbuite woonagtig is en waarvan 27.1 persent binne die stadsgebiede aangetref word. As ons nou in hierdie akkulturatiewe situasie wil uitgaan van die standpunt dat ons maar moet voortgaan op hierdie weg en die voorwaardes wat lei tot samegroeiing van Wit en Swart nie moet verwyder nie, dan pas dit ons om bietjie nader te kyk na wat die presies beteken. Baie mense reken dat dit moontlik is en dat ons daardie weg behoort te volg. Hulle reken ons kan die Bantoe in ons geledere opneem want hulle sal na hulle oordeel, tog nie na 'n hoër vlak uitstyg nie. Hulle moet maar hier by ons woon en vir ons werk. Hulle moet maar op hulle plek gehou word, terwyl die Blankes die land moet regeer. Hier en daar moet toegewings gemaak word maar die gesag moet nie uit die hande van die Blankes gaan nie. Mense wat hierdie opvatting huldig, besef blykbaar nie dat die Bantoe ook mense is nie, dat hulle net sulke ambisies en net so 'n strewe het soos daar in die hart van enige Blanke of enige ander mens gekoester word. Wat in die hart van die Blanke omgaan, is ook in die hart van die Bantoe veral as hy voor hom sien wat deur die Blankes bereik is. Dit is vir hom 'n aansporing om daarna te strewe. Dis menslik. Dis die krag van die ontwakende geesteslewe wat hom vooruit stu. Indien ons 'n beleid van intergrasie volg, sal die Bantoe nie tevrede wees om op die onderste sport te bly nie, hy sal wil hoër styg. As Christene sal ons dit ook nie van hom kan onthou nie. Die plafon wat ons tot nog toe

binne ons maatskaplike, staatkundige, regs- en ekonomiese lewensterreine oor hom gegooi het, sal ons, indien ons hierdie beleid volg, moet verwyder. Ons sal vir hulle die geleentheid moet open om, sê op ekonomiese terrein, tot die hoogste sporte te klim en alle moontlike poste te vul. Vanweë hulle lewenstandaard en vanweë die feit dat die winsmotief die belangrikste insentief in die westerse ekonomie is, daar gestreef word na die hoogs moontlike inkomste teen die geringste uitgawe, kan en sal die Bantoewerkers Blanke werkers maklik uitboer op die arbeidsmark. Die Bantoe is goeie nywerheidswerkers en hulle produktiwiteit en vaardigheid kan verhoog word. Verplasing van Blankes deur Bantoewerkers is nie somaar 'n ydele vrees nie. Ons het dit reeds in die geskiedenis gehad, dat daar in tye van slapte 'n neiging by werkgewers was om Blankes te ontslaan en Bantoe persone in hulle plek aan te stel. Die bloedige staking van 1922, by welke geleentheid die staat moes ingryp, was die gevolg van so 'n optrede. Sodra die Blankes die gevoel kry dat hulle verplaas word deur Bantoe en dat hulle bestaande lewenspeil daardeur bedreig word, kan ons reaksie verwag. Onder sulke omstandighede kom daar 'n steurnis in die arbeids- en maatskaplike struktuur, en die samelewing skeur langs die kleurlyn. 'n Patroon van vreedsame samewoning, samelewing en samewerking word dan omgegooi in een van stryd en ellende. Dit is nodeloos om te sê: „dit hoort nie so nie". Dis menslik dat enige persoon sal reageer as ander ten koste van hom bevoordeel word. Dis 'n realiteit waarmee 'n mens rekening moet hou. Geen verantwoordelike persoon gaan doelbewus 'n orde skep ten gevolge waarvan daar 'n bloedige stryd tussen twee magte gaan ontketen word nie. Die geskiedenis het bewys dat dit gebeur en dit sal weer gebeur. Ons moet dit beklemtoon dat dit nie gaan net om beskerming van materiële welvaart nie maar 'n beskerming van alle kultuurerfenisse wat die Blanke hoogag. Ons hele volksverlede is gebaseer op die behoud van ons hoogste kultuurerfenisse deur nie met kultuuragterlike volke te vermeng nie. Sodra mens met so 'n beleid sou begin, sou jy direk daardie fundamente van ons bestaan, wat basies is in ons hele lewe, verwerp. Volledige inskakeling van die Bantoe binne ons ekonomiese struktuur sou vanselfsprekend ook beteken inskakeling op ander terreine. Verder sal die inskakeling in die ekonomiese struktuur baie vinniger gaan as die proses van kerstening. Dit sal meebring 'n proses van totale ontstamming en ontworteling, verwording van mense, die ontstaan van 'n welvarende barbaredom. Die heilsame en tugtende uitwerking wat aanhorigheid aan 'n besondere stamverband nog inhou, sal daarmee verval en die Bantoe sal dan op 'n groot skaal 'n proses van dekulturasie ondergaan: verwording van mense met botsinge in hulle persoonlikheidstrukture vanweë 'n te snelle proses van oorgang van een patroon na 'n ander. 'n Samelewing wat bestaan uit ongebalanseerde en verworde mense sal uit die aard van die saak 'n chaotiese voorkoms hê. Uit die kennis wat ons het, is dit vir ons baie maklik om so 'n verloop van sake te voorsien.

As dit op die ekonomiese en die maatskaplike terrein verwag kan

word, wat sal die politieke terrein oplewer? Gelyke stemreg aan Bantoe en Blankes is aan ons nie onbekend nie. Dit is bekend dat daar in Kaapland reeds baie vroeg meer Bantoekiesers as Blankes in sommige kiesafdelings geregistreer was. Ons weet wat die gevolge daarvan was. Onder 'n beleid van integrasie sal ons verplig wees om aan die Bantoe stemreg te gee. Dit sal pas in 'n patroon van integrasie en daarby sal die Bantoe nie daarsonder tevrede wees nie. Vanweë hulle greep op die ekonomiese struktuur sal hulle dit kan afdwing. U moet ook nie reken dat mens sekere opvoedkundige en beskawingskwalifikasies as vereiste sal kan stel nie. As die Blankes vrye stemreg bo 18 jaar het, sal die Bantoe nie tevrede wees voor hulle nie ook daardie vergunning het nie. 'n Vergunning op hierdie stadium wat nie op gelyke voet met die van die Blankes is nie, sal baie gou 'n grief wees, hoewel dit aanvanklik met die grootste dankbaarheid ontvang sal word. Daar mag mense wees wat die vroeëre stelsel van Natal sal wil bepleit. Hiervolgens kon Bantoepersone stemgeregtig word maar daar is soveel belemmernisse in hulle weg gelê dat daar in die hele sewentig jaar waarin die stelsel van krag was nie meer as 30 Bantoepersone ooit stemgeregtig geword het nie. So 'n stelsel sal baie gou uitgekryt word as onregverdig en huigelagtig: die minsbevoorregte groep in die samelewing word aan die hoogste kwalifikasies onderwerp en daarby word dit nog op so 'n wyse gedoen dat wat met een hand gegee word met die ander hand terug geneem word. Die Bantoe sal volle beregtiging eis. Hulle sal vanweë hulle ekonomiese wurggreep by groter integrasie daardie beregtiging kan afdwing en afding. U moet onthou dat die Bantoe wat aldus die stemreg kry, sal nie net die beskaafdes wees nie. Die bewering word gestaaf deur die feite wat die vorige spreker gestel het, naamlik dat die verandering en kultivering van die lewe van mense oor geslagte kan strek. Die persone wat aldus in die volksgeledere ingeneem sal word, sal vir die oorgrote meerderheid nog barbare wees in die sin dat hulle ongekersten en ongekultiveerd sal wees. Die gevolge is te voorsien.

Is dit die toekomstige patroon wat u kies? Die Afrikanervolk het van die vroegste tye van sy onstaan en groei anders gekies. Hy het die pad van geskeidenheid gekies en op hierdie pad het hy koers gehou ten spyte van die geweldige swart massas waarmee hy in aanraking was. Sy biologiese samestelling en sy kulturele erfenis het hy ongeskonde bewaar. Allerweë word dit as een van die merkwaardigste gebeurtenisse in die geskiedenis van die mensdom beskou. Oor meer as 'n periode van 300 jaar het die afstammelinge van die Europese voorsate wat saamgegroei het tot 'n nuwe volk hulleself van verbastering onthou. Dit is so merkwaardig dat ons dit alles aan die genadige beskikking van die Here kan toeskryf. Uit eie kragte was hulle seer seker nie daartoe in staat nie. Indien Hy dit so beskik het dan was dit ook Sy wil. U mag miskien sê dat mens nie geregtig is om die wil van die Skepper uit die gang van die geskiedenis af te lees nie; maar ons glo tog dat die Here gesag voer oor die lewe van volke, dat Hy hulle ten aansien roep, hulle lewenspan bepaal en beëindig,

dat Hy oor hulle lotgevalle beskik en Here is in voor- en in teenspoed. As ons volk op bepaalde grondslae gefundeer is en onbuigbaar in 'n bepaalde rigting koers gevat en koers gehou het, is dit nie so deur die Here beskik nie? Het Hy nie daardeur 'n taak wat ons hier moet vervul nie? Is ons nie hier deur Hom geplaas nie? Is dit nie die enigste rede waarom ons hier is soos ons is nie? As ons dan hier is vanweë 'n taak en roeping wat ons het, en as ons hele lewe op bepaalde fundamente ingerig is, dan is dit ons dure plig om daarop voort te bou. Indien dit ons roeping is om die draers van 'n Christelike beskawing aan die Suidpunt van Afrika ongeskonde voort te dra en as onthouding van vermenging en kulturele kontaminasie 'n noodsaaklike voorwaarde daarvoor is, soos dit was, dan is dit ons heilige plig om daardie voorwaardes na te kom. Ons mag dit nie ter wille van materiële welvaart versaak nie of ter wille van die kostes daaraan verbonde daarvan terugdeins nie. Ons voorsate het aan ons die voorbeeld gestel. As ons in ons koers nou 'n linksommeswaai moet maak sal ons die swaarste straf te verduur hê wat nog ooit op 'n weerbarstige volk geval het. Ons is moreel verplig om die koers waarop die Skepper ons geplaas het, wat ook al ons lotgevalle mag wees, te behou. Dit sal ons kan volbring solank dit Sy wil is en daartoe sal Hy ons ook die nodige krag gee. Laat ons dit egter weer duidelik stel: Ons taak is nie selfhandhawing en selfbeskerming ter wille van onsself omdat ons so meerderwaardig is en so deur God begenadig is bo ander mense nie, maar ons taak en ons roeping is om as 'n gedissiplineerde en geïntegreerde Christelike volk die beskawings- en Christelike lig deur woord en daad in Afrika verder te dra; onsself te weerhou van kulturele verval en van geestelike ontaarding. Inname van kultuuragterlike mense in ons geledere kan kulturele verval en verrotting bewerkstellig. Daarom moet ons strewe na afsonderlike ontwikkeling van die Bantoevolke. Om hulle behulpsaam te wees tot die einde van hulle beskawingswording kan ons hulle op hierdie stadium die beste help deur ons self nie te ondermyn nie: beskerming nie soseer juis van ons biologiese maar van ons geestelike erfenis en vir die huidige is hierdie kenmerke nog identies.

Indien ons nou hieroor duidelikheid het, laat ons sien hoe ons gevorder het met beleid van afsonderlike ontwikkeling. Hoewel dit die tradisionele houding van die Afrikanervolk is om nie te vermeng nie: om self afsonderlik te ontwikkel en om die Bantoevolke afsonderlik te laat ontwikkel, is hy eintlik eers kort gelede in 'n posisie geplaas om die beleid werklik in aksie te stel.

Die ou Kaapse en die nuwe liberalisme het so voortgewoeker dat daar baie ongedaan gemaak moes word en dit het nie sonder stryd plaasgevind nie. Die wettelike bevestiging van gebiedsverdeling tussen Wit en Swart het, soos ons bo aangedui het, reeds in 1913 plaasgevind. Die politieke bevestiging van die geskeidenheid en van geskeie ontwikkeling het eers in 1936 gekom na 'n tien jaar stryd van genl. Hertzog toe die Bantoekiesers van Kaapland op 'n afsonderlike kieserslys geplaas is.

Die bereiking van hierdie ideaal het hy alleen reggekry ten koste van sy eie politieke loopbaan.

Die Bantoe van Kaapland kon toe drie verteenwoordigers vir die Volksraad kies: twee vir die Transkeigebiede en een vir die res van Kaapland. Onder hierdie wet (Naturelleverteenwoordigingswet 1936) kon die Bantoe van die hele Unie vier senatore kies. Die verlening van direkte verteenwoordiging aan die Bantoe in die hoogste raadsale van die Blankes was die gevolg van die integrasionistiese beleid wat gedurende die 19de eeu in Kaapland ingevoer is. In werklikheid was dit nog teenstrydig met die beginsel van afsonderlike ontwikkeling. Die maatreël was egter 'n kompromie en nie 'n oplossing nie. Dit het nog altyd die weg oopgelaat om te betoog vir vermeerderde verteenwoordiging.

Naas hierdie direkte verteenwoordiging het die genoemde wet ook nog voorsiening gemaak vir 'n Naturelle Verteenwoordigende Raad waartoe die Bantoe van die Unie uit hulle eie geledere twaalf lede kon kies. Die regering kon nog vier benoem, terwyl vyf Blanke amptenare van die departement van Naturellesake (soos die departement toe genoem is) ook op die Raad sitting gehad het. Die sekretaris van Naturellesake was voorsitter van die Raad. Die funksie van hierdie liggaan was om die regering te adviseer insake Bantoewetgewing en die doel was om groter verantwoordelikhede met verloop van tyd aan hierdie Raad op te dra. Die Raad het egter in toenemende mate 'n platform geword waarop 'n beleid van gelykstelling verkondig en geeis is totdat die Raad in 1946 self uit funksie getree het deurdat hy geweier het om sy pligte na te kom, tensy alle „diskriminerende" wetgewing uit die regstelsel van die Unie verwyder is. Deurdat hy self nie meer sy pligte wou nakom nie, is hierdie Raad in 1951 deur die Wet op Bantoe-owerhede (1951) afgeskaf.

In die plek van hierdie algemene uniale raad vir die Bantoe het nou 'n totaal nuwe oriëntering gekom, naamlik deur die stigting van 'n reeks van Bantoe-owerhede en wel onder dieselfde wet. Bantoestamowerhede is gestig en hierdeur kry die Bantoe die geleentheid om stamsgewyse hulle eie bestuursake en huishoudelike aangeleenthede self te behartig. Hierdie rade is geskoei op die tradisionele patrone maar nie heeltemal suiwer tradisioneel nie, daar die wet voorsiening daarvoor maak, dat ook ander bevoegde persone naas die tradisionele raadslede op die rade kan dien en so medeverantwoordelik wees vir die behartiging van stambelange en vir hulle gesonde ontwikkeling.

Volgens etniese samehorigheid is verskillende nouer verwante stamme saamgetrek in 'n Streeksowerheid en verskillende Streeksowerhede weer in 'n Gebiedsowerheid. Hoeveel van hierdie verskillende owerhede daar uiteindelik sal wees, is op die huidige stadium moeilik bepaalbaar, daar dit alles daarvan afhang hoeveel kleiner stamme uiteindelik sal saamwerk binne een Stamowerheid en hoeveel stamme bereid is om in een Streeksowerheid op te gaan en hoeveel Streeksowerhede uiteindelik bereid is om onder een Gebiedsowerheid te ressorteer. Volgens huidige

berekeninge kan daar moontlik (1) 552 stamowerhede bestaan, waarvan daar tans reeds 372 in werking is; (2) ongeveer 60 tot 70 Streeksowerhede bestaan, waarvan daar reeds 31 in werking is en (3) 8 tot 9 gebiedsowerhede waarvan daar reeds een bestaan. Volgens 'n verklaring van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling sal nog vyf Gebiedsowerhede binnekort ingestel word.

In hierdie verband verdien die Transkeigebiede besondere vermelding. Hierdie gebiede is nog altyd geadministreer onder die anneksasiewette van die ou Kaapkolonie. Vir hierdie gebied is daar gestig Lokasierade, Distriksrade en uiteindelik 'n Algemene Raad van die Verenigde Transkeigebiede, bekend as die *Bunga*. Hierdie bestuurstelsel was geskoei op die Blanke patroon. Nadat daar 'n nuwe bedeling vir die Bantoe van die res van die Unie onder die Wet op Bantoe-owerhede (nr. 68 van 1951) gekom het, is die keuse aan die Transkei gestel of hulle ook wil deel in hierdie voorregte. Die Bunga het hom bereid verklaar om na die nuwe bedeling oor te skakel. Deur Proklamasie 180 van 1956 is dieselfde stelsel wat vir die res van die Unie onder die Wet op Bantoe-owerhede, 1951, gegeld het, met aanpassinge vir die besondere behoeftes van die gebied en met in agneming van die historiese agtergrond, ook vir die Transkeigebiede ingevoer.

Die Transkeigebiede wat vir byna 'n honderd jaar, langer dus as enige ander gebied, aan 'n proses van intensiewe verwestering onderhewig was, het verkies om weer terug te val en voort te bou op die tradisionele grondslae en van die bekende na die onbekende te beweeg op die pad na beskawing. Hulle het besluit om weer terug te val op die ou wortels en daarvandaan verder te groei. Dit verskaf 'n aanduiding van hoe diep geworteld die tradisionele bestuurstelsel nog in hulle samelewing bly bestaan het en hoe 'n groot waardering hulle nog vir hierdie aspek van hulle eie kultuurpatroon gehad het en nog het.

Hierdie waardering vir die eie bestuurstelsel sien ons egter ook in 'n ander verband. Onder die Naturellenzaken Wet nr. 23 van 1920 is daar plaaslike rade vir die Bantoe ingestel. Hierdie rade was dan, waar hulle ingestel was, elk in sy besondere gebied verantwoordelik vir die behartiging en bestuur van plaaslike aangeleenthede. Die rade was egter nie op 'n stambasis ingestel nie. Alle stamme was ook nie deur hulle kapteins op hierdie rade verteenwoordig nie. Dit het dan gewoonlik in die praktyk so geskied dat die verteenwoordigers op hierdie rade eers hulle kapteins gaan raadpleeg het en hulle om leiding gevra het alvorens hulle medeaandadig geword het aan die besluite wat die rade mog neem. Die tradisionele bestuurstelsel het naas die bestuurseenhede wat deur Blankes ingestel is, bly voortbestaan en informeel bly funksioneer. Dieselfde beginsel het ook gegeld by die meeste Bantoe in die Blanke stadsgebiede. Dit is eers maar onlangs dat daar bevind is dat die tradisionele gesagseenhede wat in die tuisgebiede setel ook in die stede oor hulle onderdane, nog gesag voer en dat hierdie onderdane dit nog steeds as 'n voorreg beskou om onder hulle tradisionele owerhede erken te word.

U moet nie reken dat die lede van hierdie stamowerhede alleen maar uit ongeletterde en agterlike kapteins en raadsmanne bestaan soos die verteenwoordigers van die A.N.C. dit wil voorstel nie. Daar is uit die aard van omstandighede kapteins en raadsmanne wat minder ontwikkel is maar daar is in toenemende mate ook ander wat selfs volgens Europese standaarde ontwikkel is. Op hierdie rade dien daar prokureurs, onderwysers, gegradueerdes asook ander opgeleide Bantoepersone. Ek weet selfs van een geval waar 'n mediese dokter wat sy opleiding in Skotland geniet het op 'n stamowerheid dien. Hierdie persoon het in my teenwoordigheid daarvoor gepleit dat die regering asseblief die sake van die stam deur die Kaptein-in-rade en volgens tradisionele gebruik moet behartig. Hierdie nuwe bedeling het die verbeelding van die Bantoe aangegryp en word verwelkom.

Hierdie verwelkoming is versterk deur die aanname van die Wet op Bevordering van Bantoeselfbestuur (nr. 46 van 1959), waarin die bevoegdhede van gebiedsowerhede in besonder uitgewerk is, waarin daar voorsiening gemaak is vir die aanstelling van Kommissarisse-Generaal vir die verskillende etniese groepe. By die behandeling van die wetsontwerp het die Eerste Minister ook 'n toekomsvisie vir die Bantoe aangedui, 'n moontlikheid gestel wat hulle langsamerhand kan bereik ooreenkomstig hulle vermoë om verantwoordelikhede op hulle te neem. Die bedoeling is dat die Bantoe van onder af na bo deur praktiese ervaring moet leer om die verantwoordelikhede wat saamhang met selfbestuur te kan dra. Groter verantwoordelikhede sal aan hulle oorgedra word soos hulle toon dat hulle daarvoor kwalifiseer. Hiermee is die politieke weg van die Bantoe geopen, 'n weg waarlangs hulle hulle bestemming as volwaardige volke kan bereik. Hulle groeiende bekwaanheid en verantwoordelikheidsin sal die gang hiervan bepaal. Hiermee word ook aan die Blankes die toekomsmoontlikhede vir standhoudende behartiging van hulle eie sake bestendig sonder dat hulle bedreig word deur uiteindelike oorstemming en sonder om die Bantoe tot ewigdurende onwaardige horigheid in te perk. Die toekomsvisie is selfs daargestel dat die Bantoevolke uiteindelik sal kwalifiseer om saam met die Blankes as selfstandige onderling-medewerkende staatkundige eenhede in 'n Suid-Afrikaanse Gemenebes van nasies verbind te word. 'n Waardige toekoms lê vir almal oop.

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het egter ook op ander terreine koers gevat en het praktiese vrugte afgewerp. In die verband kan ons noem die nuwe bedeling ten opsigte van Bantoe-onderwys. Waar die staat oorspronklik onderwys gesubsidieer het, die Provinsiale owerhede die leerplanne opgestel het en verskillende, veral vreemde, kerkverbande en sendinginstansies werklik die onderrig en plaaslike beheer in hulle hande gehad het, is die bedeling nou heeltemal anders. Deur die Wet op Bantoe-onderwys (nr. 47 van 1953) is die onderwys vir die Bantoe in die direkte beheer van die staat oorgeplaas. Dit ressorteer tans onder 'n eie departement, die Departement van Bantoe-onderwys.

Met hierdie nuwe oriëntering is die beginsel gevolg dat onderwys aan die breë volkslae van die Bantoe gebring moet word, dat die grootste moontlike aantal van die Bantoe die voorreg van basiese onderrig sal geniet en nie net 'n paar bevoorregtes nie. Deur hierdie wet het die Bantoe self ook die geleentheid verkry om 'n aandeel te hê in die organisasie van die onderwys van hulle kinders. Die ouers het seggenskap gekry deur die kanale van skoolkomitees, en die aanstelling van onderwysers is in die hande van skoolrade wat uit Bantoepersone bestaan, geplaas. So bestaan daar reeds 500 sulke skoolrade, byna 5,000 skole waarvan elk onder 'n skoolkomitee staan en waarin ongeveer 41,000 ouers in 'n beherende posisie in betrokke is, en waarin daar tans ongeveer 1,500,000 kinders onderwys ontvang. Die styging in die aantal kinders op die skoolrol blyk uit die volgende syfers: In 1924 was daar 183,000 Bantoekinders op die skoolbanke, in 1959 was dit reeds 1,400,000, terwyl dit tans reeds een en 'n halwe miljoen kinders beloop.

In 1959 is £9,700,000 vir Bantoe-onderwys doeleindes bewillig. Die uitgawe per capita aan onderwys, vir die Bantoe-bevolking alleen, was gedurende die diensjaar 1951–52 in die Unie 15/9 gewees. Dit is interessant om te let op die per capita uitgawes van 'n aantal ander gebiede in min of meer dieselfde tydperk: Kenia 4/–, Nigerië 1/8, Uganda 2/3, Goudkus 6/1, Niassaland 1/6, Tanganjika 1/2, Kongo 3/8, Suid-Rhodesië 6/7, Peru 9/7.

Onder 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling is die kweking van kundige leiers 'n noodsaaklikheid, vandaar dat die staat werskillende Universiteitskolleges vir die Bantoe, waar hulle universitêre opleiding kan ontvang, gestig het. In die verband is dit van belang om daarop te let dat hierdie kolleges hulle studente oplei volgens die leerplanne van die Universiteit van Suid-Afrika, die moeder- en oudste universiteit van alle universiteite in Suid-Afrika: 'n universiteit waarvan die peil van die onderrig en die gehalte van die grade internasionaal bekend is. Die studente van hierdie kolleges skryf die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika en die suksesvolle kandidate ontvang die grade van hierdie universiteit. Sedert 1923 het die Universiteit van Suid-Afrika reeds die volgende grade aan Bantoestudente uitgereik: B.A.: 681; B.A. (S.W.): 8; B.Sc.: 89; B.Sc. (Hig.): 53; B.Com.: 4; B.Ekon.: 1; L.L.B.: 1; B.A.Hons.: 15; B.Sc.Hons.: 3; M.A.: 10; M.Ed.: 4; D.Ed.: 1. Hierdie universiteit alleen het dus reeds 'n hele reeks Bantoe akademici gelewer. Onder 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling sal hierdie manne en nog baie meer nodig wees om hulle onderskeie volke te lei op die pad van beskawing en vooruitgang. Op opvoedkundige en akademiese gebied is die pas van afsonderlike ontwikkeling stadig besig om in snelheid en omvang toe te neem.

Ons sou hier ook kon uitwei oor die aard van die ontwikkeling van die Bantoe op ekonomiese gebied. Dit sou ons egter vir die geleentheid te lank besig hou. Laat ons volstaan deur te konstateer:

(1) dat die ekonomiese peil van die Bantoe in die Unie hoër is as in enige ander gebied in Afrika;

(2) dat hoewel daar 'n beperking binne Blanke gebiede is op die peil waartoe 'n Bantoepersoon in die beroepslewe kan styg, en die oorgrote meerderheid nog op die ongeskoolde arbeidsvlak staan, is dit net tot op sekere hoogte waar want in diens van hulle eie mense is daar sowel binne as buite die Bantoetuisgebiede, oral waar die Bantoe woon, 'n hele reeks professies vir hulle oop tot selfs die van universiteitsdosente waarvan daar dan ook 'n hele aantal reeds benoem is;

(3) dat die klein- en groothandel in die Bantoetuislande al hoe meer in hulle eie hande oorgaan;

(4) dat die Bantoe se spandeerkrag tans deur ekonome bereken word op £400,000,000 per jaar;

(5) dat 'n Bantoebeleggingskorporasie gestig is wat die Bantoe kan help in die stigting van hulle eie ondernemings waarin hulle in 'n toenemende mate werkgeleentheid aan hulle eie mense sal kan verskaf en waar hulle tot die hoogste sporte op die ekonomiese leer sal kan klim. Die begin mag stadig wees maar die grondslag word heg gelê en ook hier sal die omvang en tempo in toenemende mate al hoe groter word.

Vergun my ten slotte egter net 'n kort opmerking oor die koste verbonde aan 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling. Volgens berekening van die Tomlinson-kommissie sou die koste verbonde aan ontwikkeling soos dit deur hulle vir 'n bepaalde termyn bereken is, ongeveer £104½ miljoen beloop. Hiervan sou £55¼ miljoen weer verhaalbaar wees omdat dit gesteek word in renderende ondernemings. Die ander £49¼ miljoen sal bloot 'n bydrae van ons kant moet wees. Daar is mense wat terugdeins vir die koste verbonde aan 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling, net asof 'n alternatiewe beleid nie dalk nog groter kostes sal meebring nie. Ons wil net konstateer dat ons nie mag terugdeins vir die materiële kostes wat ons sal moet aangaan vir die behoud van vrede en vir die instandhouding van ons Christelike kulturele erfenis wat ons voorouers ongeskonde en onder offers van goed en bloed aan ons nagelaat het nie. 'n Aantal jare terug het ons 'n bedrag van meer as £300 miljoen binne 'n enkele dekade gespandeer in 'n oorlog wat in 'n hoë mate destruktief was. Sal ons terugdeins om 'n gelyke bedrag as die nodig mag wees te stort vir die bestendiging van die Christendom en vir die grondlegging en uitbouing van beskaafde Bantoevolke in Suid-Afrika? Ons moet ook nog verder besef dat daar sake is waarin die materiële koste nie bereken behoort te word nie: nog die Hugenote nog die Voortrekkers het teruggedeins vir die kostes wat hulle optredes vir hulle ingehou het.

Die Here het ons hier tot diens en leiding geroep en ons mag nie vir hierdie heilige taak terugdeins nie. Mog ons in die vervulling van ons pligte nie in hierdie saak minder trou wees aan ons roeping as ons voorsate was nie.

P. J. COERTZE